


'n Opkomende herlewing vir Suid-Afrika se KMMO's?

Die beskikbare data dui op 'n merkbare verswakking in Suid-Afrika se reële BBP-groei koers in 1Q18. Desnieteenstaande is die finale aanvraag aan die klim, met die ondersteuning van verhoogde handelsvoorwaardes (wat die binnelandse inkomstegroei en koopkrag verhoog het), laer inflasie, 'n bietjie verslapping in die monetêre beleid en positiewe vlakke van vertroue. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is in werklikheid in 'n beter toestand as wat dit vir geruime tyd was. Let veral op die aansienlike sprong in huishoudelike vertroue in die eerste kwartaal van 2018.


Suid-Afrikaanse BER/FNB-verbruikersvertroue-indeks



Bron: I RESS

Die 1% verhoging in BTW, met ingang van 01 April 2018, sal wel inflasie met ongeveer 0.5% verhoog. En saam met die voortgesette verhoging in belasting op inkomste en welvaart, relatief tot persoonlike besteebare inkomste, sal die hoër inflasie in 2H18 na verwagting reële persoonlike besteebare inkomstegroei demp. 'n Mens sal ook moet wag en sien tot watter mate binnelandse produksie, in teenstelling met invoere, op die verhoogde besteding aan huishoudelike verbruik reageer, terwyl die skade weens die droogte in die Wes-Kaap nog nie volkome in die data van die nasionale rekeninge weerspieël word nie. Nietemin is dit redelik om te verwag dat reële BBP-groei oor 2018/19 in die rigting van 2 persent sal styg – beduidend beter as die lae, aanhoudend-verswakkende groeintendens wat sedert 2008 aangeteken is. Daar kan selfs teen volgende jaar 'n mate van positiwiteit wees, as ekonomiese hervorming in werking gestel word.

SA BBP-groeitendens




Bron: SA Reserwebank, Sanlam Beleggings

Klein- en medium-ondernemings behoort oor tyd uit die algemene verbetering in die makro-ekonomiese omgewing voordeel te trek, as aanvaar word dat talle beduidend aan binnelandse ekonomiese uitkomstes blootgestel is.

Klein en gemiddelde kapitaal-aandele het oor die jaar tot en met 1Q18 by hulle groter ekwivalente agtergeraak, ten spyte van die verbetering in die binnelandse finale-aanvraagtoestande. Hulle het egter tydens die eerste kwartaal van die jaar *relatief* 'n bietjie ingehaal.

JSE Kleinkapitaal-indeks relatief tot JSE Alle Aandele



Bron: I RESS

Een bron van kommer, soos die duike in die wêreldwye sakevertroue-aanduiders in die aanvangsmaande van 2018 aandui, is die risiko dat verswakkende handelsbetrekkinge tussen die VSA en China na die wêreldwye voorraadkettings, produksie en reële ekonomiese aktiwiteit kan oorspoel. In isolasie gesien, behoort die voorgenome verhoging in Amerikaanse invoertariewe op spesifieke produkte wat uit China ingevoer word (US\$50 biljoen in 2017) en 'n verwagte, soortgelyke vergeldende

stap deur China, nie in die voorsienbare toekoms reële wêreldwye ekonomiese groei te ontspoor, of inflasie aan te blaas nie.

Ons moet egter nie oorgerus wees nie. Daar is die risiko dat die spanning tussen die VSA en China vinnig kan toeneem. Ook is die huidige relletjie oor handel een simptoom van 'n kommerwekkende tendens, naamlik die oënskynlike verskuiwing van die VSA se beleid weg van integrasie en konstruktiewe interaksie met die wêreld. Die VSA was dekades lank instrumenteel in die bevordering van vrye handel en ekonomiese liberalisme, maar leun nou oor na handelsbeskerming (die VSA het ook uit die Trans-Pasifiese Handelsvennootskap onttrek en het onlangs hoër tariewe opgelê vir die invoer van staal en aluminium uit sekere lande, Suid-Afrika ingesluit), het sy standpunt oor sy immigrasiebeleid gewysig en dreig om buitelandse hulp te onttrek. 'n Mens sal moet wag en sien hoe ver die VSA in hierdie rigting sal beweeg, maar oor die algemeen hou 'n voortgesette skuif in die rigting van beperkende handelspraktyke die risiko van afnemende mededinging, minder doeltreffendheid en dus ook die risiko van swakker groei en hoër inflasie in die wêreldwye ekonomie in.

Voorts is die opswaai in die wêreldwye ekonomie “lank in die tand” vergeleke met die geskiedenis. In die VSA, byvoorbeeld, het die werkloosheidskoers tot slegs 3.9% gedaal en die ekonomie moet naby aan volkome indiensneming wees. Voeg daarby die moontlike verskerping van geopolitieke risiko en die risiko wat ontluikende markte loop weens die voortgesette skuif van die Amerikaanse sentrale bank (Federal Reserve) na 'n minder tegemoetkomende standpunt oor monetêre beleid, en dit is duidelik dat talle goed verkeer kan loop.

Uiteindelik kan Suid-Afrika baie doen om hierdie risiko's te versag, deur 'n ekonomiese hervormingsagenda, soos dié wat in die 2018 Begrotingsoorsig deur ons Nasionale Tesourie voorgestel word, te volg. Dit sluit in die verlaging van die hindernisse vir toegang deur KMMO's, wat die hoof werkskeppers in die ekonomie is (soos in die ANC se ekonomiese beleidsdokumente aanbeveel), optrede ten opsigte van die langverwagte vrystelling van bykomende breëbandspektrum om die telekommunikasie-infrastruktuur te verbeter, mynsektorbeleide wat belegging bevorder en die oplos van Suid-Afrika se tekort aan vaardighede.

Ek reken die positiewe byvoordele van hierdie hervorming sou waarskynlik 'n verhoging in regeringsinkomste, laer fiskale beleidsrisiko en laer reële leenkostes wees.

Dit klink soos 'n plan wat die moeite werd is om na te jaag en sou baie doen om 'n omgewing te skep wat 'n florerende KMMO-sektor aanmoedig.

Dit sal waarskynlik wel 'n lang en moeilike reis wees, maar, soos my kollega by Sanlam Batebestuur, Vanessa van Vuuren, onlangs met verwysing na spesifieke kleinkapitaal-aandele gemeld het: “ten minste begin die hoëvlaktendense vir die eerste keer in 'n redelike lang tyd (die afgelope vyf tot sewe jaar) in die regte rigting wys”. [*Eie vertaling*]

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur